NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF
FEBRUARIE 2021

DIE "ANDERSHEID" VAN 'N CHRISTEN.

"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (Galasiërs 5:22-23).

Wat maak 'n Christen anders as 'n ongelowige? Wel, natuurlik dat God self deur sy Gees in ons woon. Dit maak ons natuurlik anders. Die Bybel noem dit "die Vrug van die Gees". En dis waarna ons in vanjaar se pastorale briewe gaan kyk!

Om mee te begin, moet jy tog hier bo raaksien dat die Bybel nie van die "vrugte" van die Gees praat nie - selfs al noem dit nege baie uiteeenlopende goed op! Dis eenvoudig omdat hierdie nie verskillende vrugte is nie. Dis almal fasette van één en dieselfde vrug. Daarom kan jy nie net dele daarvan dra (soos dit jou pas) nie. Nee, dit moet *as geheel* deel van jou lewe wees. Elke wonderlike faset daarvan!

Die tweede ding wat jy moet raaksien, is dat die Here hierdie nie die "vrug van die Christen" noem nie. Dis omdat dit nie iets is wat *jy* moet dra nie. Dis iets wat *die Gees* in jou lewe dra, as jy Hom net wil toelaat. Al wat jy hoef te doen, is om Hom nie teen te werk nie. Vertrou Hom en laat Hom toe om jou lewe te beheer, en Hy sal die res doen! Jy moet net self weier om verder toe te gee vir elke versoeking om weer soos die ou mens op te tree: liefdeloos, ongeduldig, arrogant, of selfsugtig.

Laat jou deur die Gees lei, en kyk hoe die wonderwerk binne-in jou gebeur! Goed wat jy altyd gedink het vir jou onmoontlik is, gaan bloei in jou lewe soos vrugte aan 'n boom. Dis wat die Gees in God se kinders doen!